**WERKKAART 9**
**MODULE 8**

1. Skryf die volgende oor in die lydende vorm.
   a) Fanie het sy speelgoed ingepak vir die groot trek.
   b) Fanie was die skottelgoed nadat hy klaar geëet het.
2. 'n Persoon wat huise ontwerp word 'n argitek genoem. Skryf die woord neer vir die volgende omskrywings.
   a) Iemand wat goedere en eiendom op 'n veiling verkoop.
   b) Iemand wat 'n rol in 'n film vertolk.
   c) 'n Deskundige op die gebied van oorblyfsels van vroeëre tye.
   d) Iemand wat baie lafhartig is.
   e) 'n Persoon wat iemand anders se lewe beskryf.
   f) Iemand wat baie nors en onbeleefd is.
   g) Iemand wat 'n studie van ekonomiese sake maak.
   h) Iemand wat inligting verstrek.
   i) 'n Persoon wat landkaarte teken.
   j) Die instrument wat bepaal of iets horisontaal of vertikaal gebou is.
3. Vul die korrekte voorsetsel in die spasie in:
   Riaan en Werner gaan . . . trein . . . Werner se ouma toe vir die vakansie. . . . die plaas gaan hulle swem en perdry. Hulle sal . . . voet loop tot by die stalle en dan . . . perd . . . die dam toe ry.
4. Pas kolom B (die voorsetsel) by die sin in kolom A.

| Kolom A | Kolom B |
|---|---|
| a) Die plaas behoort . . . Werner se ouma. | om |
| b) Werner vertrou Riaan . . . sy geld. | aan |
| c) Werner buk . . . die hond om hom te vryf. | na |
| d) Werner pleit . . . genade toe sy ouma hom uitvang. | voor |
| e) Werner se ouma se huis ruik . . . vars koffie. | met |

5. Voltooi die sinne deur die korrekte voorsetsel in te vul.
   a) Die veld is . . . die brand.
   b) Hy kyk . . . die horlosie om te sien hoe laat dit is.
   c) Riaan het amper . . . die perd afgeval.
   d) Hy gooi die koeldrank . . . sy glas.
   e) Werner verjaar . . . die elfde Januarie.
   f) Op die plaas het hulle verkluim . . . die koue.
   g) Hulle het . . . motor na die diere gaan kyk.
   h) Sy is ’n vrou so . . . aan sy hart.
   i) Riaan het dit . . . opset gedoen.
6. Pas die korrekte idioom in kolom A by die betekenis in kolom B.

| Kolom A<br>Idioom | Kolom B<br>Betekenis |
|---|---|
| a) Nog nat agter die ore.<br>b) Hy praat twak.<br>c) ’n Skilpad<br>d) Die spyker op die kop slaan.<br>e) Hy het lang vingers.<br>f) Hy is 'n haan onder die henne. | Hy is gewild onder die meisies.<br>Die regte ding sê.<br>Nog ’n kind<br>Hy is ’n dief.<br>Iemand wat baie stadig is.<br>Hy praat onsin. |

7. Gee die betekenis van die volgende idiomatiese uitdrukkings:
   a) ’n Klip in die bos gooi.
   b) Handdoek ingooi.
   c) Die appel val nie ver van die boom nie.
   d) Hy bekommer hom nie oor die dag van môre nie.
   e) Ons doen nie hierdie werk om dowe neute nie.

8. Voltooi die sinne deur die korrekte vorm van die woord tussen hakies te gee:
   a) Die (baie fris) seun is nog (baie jonk).
   b) Die (baie arm) boemelaar lyk (baie moeg).
   c) Die (baie ryk) boer se skape is (baie vet).
   d) Die vloer is (baie glad) nadat my ma dit gewas het.
   e) Die seun maak of hy (baie doof) is as sy ma vir hom vra om iets te doen.
   f) Die koekblik is (baie leeg) nadat die kinders die (baie vars) koekies opgeëet het.

9. Kyk na die volgende 12 intensiewe vorme. Slegs 10 van hierdie intensiewe vorme kom in die volgende letterraaisel voor. Kyk of jy die twee intensiewe vorme kan kry wat nie in die letterraaisel voorkom nie.

*goudgeel; skreeuhonger; stokstyf; doodbang; grasgroen; pikswart; seepglad; yskoud; kurkdroog; pylreguit; vuurwarm; hemelblou*

| | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| b | p | j | d | o | o | d | b | a | n | g |
| e | w | z | t | j | y | a | b | r | e | b |
| k | t | z | w | s | r | d | x | n | o | c |
| u | p | i | k | s | w | a | r | t | r | a |
| r | q | o | u | j | t | y | u | s | g | z |
| k | u | f | r | g | o | p | w | g | s | l |
| d | a | l | g | p | e | e | s | v | a | t |
| r | f | z | v | u | u | r | w | a | r | m |
| o | g | v | d | l | g | d | l | z | g | u |
| o | d | s | t | o | k | s | t | y | f | u |
| g | o | u | d | g | e | e | l | p | p | x |